

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
7 Maart 1976

Onderwerp: Plig as ouer

Lees: Génesis 17 verse 1 tot 9
Génesis 18 verse 17 tot 19

Teks: Génesis 18 vers 19

Sing: Psalm 25 vers 6
Gesang 94 verse 3 en 4

“Deur die Sakrament van die Heilige Doop het God vanmôre twee belangrike dinge vir u en my kom sê: die water waarmee die kinders gedoop is, is teken en seël van die vergifnis van sonde wat daar in die bloed van die Lam is; en God ag die mens waardig genoeg om sy verbond te verseël in die lewe van kindertjies.

“Daar is al gesê dat as God aan die wêreld ’n groot man wil gee, dan roep God ’n moeder en voed haar op tot ware gelowige moederskap om op haar beurt so ’n kind op te voed. So ’n moeder was Hanna, wat Samuel opgevoed het, wat uiteindelik leier van sy volk geword het.

“Maar daar kan ook gesê word, dat as God aan die wêreld ’n volk wil gee om vir Hom ’n boodskap van geslag tot geslag deur hierdie wêreld te dra, dan roep God vir Hom eers ’n gesinshoof om ‘sy kinders en sy huis ná hom’ op te voed en te bekwaam vir daardie roeping en taak. Want, Broers en Susters, ’n volk word in ’n ouerhuis opgevoed.

“Toe God dit wou doen, het Hy vir Abraham geroep, want Abraham en sy geslag moes die draers wees van die Openbaringsgeskiedenis.

“As ’n mens die doel en roeping van ouerskap en van ’n ouerhuis wil verstaan, dan moet jy na Abraham en sy huis kyk. Daar sien ons wat God se doel met ouerskap is en wat die vormende krag van ’n Godgewyde huis kan wees. Wat Abraham vir sy kinders en sy huis na hom was, dit moet elke ouerpaar en elke ouerhuis vir hulle kinders wees: ‘... Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou ...’ (Gen 18:19) Dit is ons heilige roeping.

“In hierdie woorde sê God aan u en my wat ’n ouerhuis moet en kan wees.

“Want Ek het hom verkies’ dit wil sê die HERE het hom geroep en hom bestem om ’n ouer te wees. Dat Abraham ’n verbondsvader vir ’n verbondsvolk sou wees, was dus nie ’n toevalligheid en blote fisiologiese en sosiologiese gebeurtenis nie. Nee, dit was ’n Goddelike beskikking en verkiesing. God self het hom daartoe verkies. Dit was ’n Goddelike vergunning en toelating dat hy ’n gesinshoof sou wees.

“En dit, liewe Broers en Susters, is wat ouerskap vir elke ouerpaar ook moet wees. Ons moet besef dat daar ’n Goddelike vergunning, roeping en verkiesing daaragter lê. God het u en my waardig geag om ’n kosbare lewetjie aan ons toe te vertrou.

“Gelukkig is daardie ouerpaar en ouerhuis waar daar in die volle besef van hierdie werk geleef word. Dit maak ouerskap onmiddelik vir diesulkes iets verhewe en heilig.

“...Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee...’ God se doelstelling en gevolglike roeping van Abraham was nie maar net dat kinders in die wêreld gebore sou word nie, maar dat kinders wat in die wêreld gebore word, opgevoed moes word in die vrese van God se Naam. Die roeping en voorreg om ’n ouer te wees, veronderstel die verantwoordelikheid en verpligting om kinders in die vrese van die HERE op te voed.

“Elke ouerpaar moet dan deeglik besef wat ouerskap van hulle eis. Trouens, die huweliksformulier het al hierdie werk benadruk: ‘... dat U aan hulle die genade sal verleen om hulle kinders ... godvrugtig op te voed, tot eer van u heilige Naam...’.

Ook by die Doopplegtigheid is die belofte afgelê: ‘Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind ... in hierdie leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?’

“Die inhoud en hoofsaak van hierdie opvoeding word só duidelik in ons teks gegee, naamlik: ‘dat hulle die weg van die HERE moet hou ...’. (Gen 18:19) Dit is om God te ken en te dien. Met ander woorde, Broers en Susters, om God te dien in die ware sin en betekenis van die Woord; en om ’n opregte belangstelling in u kinders se sieleheil en geestelike lewe te hê. Dit moet die hoofsaak van u kinders se opvoeding wees. Die gedragskode vir elke ouer moet in die eerste instansie wees om die weg van die HERE te ken. ’n Weg wat vir ons so duidelik aangedui word in die Tien Gebooie - waarvan die eerste tafel vir u en my kom sê: ‘om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en

uit die hele siel en uit die hele krag'. (Mark 12:33) Dit wil sê, weggee aan God. U het opgehou om te bestaan. God het alles geword. As ons so is, dan sal die nakoming van die tweede tafel maklik wees. Om Vader en Moeder te eer; die Sabbatdag te hou vir die doel waarvoor God dit bedoel het; en ander se lewe en besittings te respekteer: 'om die naaste lief te hê soos jouself'. (Mark 12:33)

"Waar ouers hieraan getrou is, word 'n volk gekweek wat getrou sal wees aan die HERE se hoogste roeping, naamlik om van geslag tot geslag die kennis van God voort te dra. Gelukkig is die kinders wat so 'n ouerhuis het.

"Maar let daarop, ons teks sê aan Abraham: 'dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee'. Abraham moes nie maar net vir sy kinders bid en met vaderlike liefde onderrig nie. Nee, hy moes met ouerlike gesag ook bevele gee. Met ander woorde die kind moet geleer word om eerbied en ontsag vir gesag te hê. Eerbied en ontsag is tegelykertyd die fondamentstene van ware Godsdienste.

"Waar hierdie dinge ontbreek, het ons die huis van Eli as waarskuwing. Want toe sy seuns skande oor hulself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie. En daarom was 'Ikabod' oor sy huis geskryf. (1 Sam 4:21)

'Hierdie bevel beteken nie dat daar met 'n ysterhand regeer moet word nie, maar dat ouers te alle tye so sal leef voor hulle kinders dat hulle woord en wandel respek sal afdwing en ontsag sal inboesem. So 'n ouer het reg en kan met gesag vermaan. Anders sal hy 'n bespotting in die oë van sy kinders wees.

"Broers en Suster, ons moet waak dat ons nie dinge vir ons kinders preek wat ons self nie in ons lewens nakom nie. Byvoorbeeld om hulle Sondagskool toe te stuur, terwyl ons self nie in die kerk kom nie. Waarsku teen die verleidinge van die wêreld, terwyl ons dit self doen. Om ons kinders 'n gebedjie te leer, terwyl hulle ons nooit sien bid nie.

"Dit is alleen daardie ouers wat self die kosbare en die ewige waarde van hulle eie onsterflike siele besef, wat ook die regte besef en waardeskatting van hulle kinders se sieleheil sal hê.

"Solank as wat iemand nie vir sy eie siel omgee nie, sal hy ook geen kommer oor die siel van sy kinders en sy huis hê nie. Hy sal selfs sy kind (en sy vrou) se siel na die verderf sien gaan en hom nog nie daaraan steur nie.

“So ’n mens sal ook nie veel maak van die kerk en kerkbesoek nie. So lei hy sy kinders en sy huis na die verderf. So pleeg hy verraad teen God - die God wat hom so hoog geag het om hom tot ouer te verkies.

“Maar wanneer hy belangstel in sy eie sieleheil en saligheid, sal hy getrou bly aan sy kerklike beloftes en sy Goddelike roeping van ouerskap en sal sy ouerskap tot ’n onsterflike seën word vir sy kinders en sy huis.

“Goddank vir elke ouerhuis waar die Bybel nog gelees word en huisgodsdienste gehou word. Goddank vir ’n ouerhuis waar daar nog belangstelling in die kerk en die God van die Kerk is. Goddank vir ’n huis waar daar nog met vrymoedigheid oor die sieleheil van elke huisgenoot gepraat word. In so ’n huis is die gesinslewe geluk en vrede.

Aan so ’n huis bring God sy belofte, soos aan Abraham: dat hy ‘sekerlik ’n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word...’ (Gen 18:18)

“Amen.”

Kommentaar:

Hoekom word kinders gedoop? God het in die Ou Testament ’n verbond gesluit met die kinders van gelowige ouers; en as teken daarvan is hulle, terwyl hulle net enkele dae oud was, besny. In die Nuwe Testament sluit God dieselfde verbond met die kinders van gelowiges, maar nou vervang die Doop die besnydenis. Beide wys op die bloed van Jesus Christus, wat ons sondes afwas. Die Doop is ’n belofte van God dat Hy ons sondes deur Jesus Christus sal vergewe. Dit is ’n belofte wat God maak, nie net teenoor volwassenes nie, maar ook teenoor kinders ongeag hoe jonk hulle is. Dit is God self wat sy verbond met kinders sluit. Dit is nie ’n mensgemaakte doktriene nie.

Iemand het die Doop vergelyk met ’n persoon wat ’n tjek uitskryf en aan ’n ontvanger gee. Die persoon wat die tjek uitgeskryf het, het homself verbind om ’n sekere bedrag geld aan die ontvanger te gee. Die ontvanger kry die geld eers as hy die tjek wissel. As hy dit nie doen nie, kry hy dit nie. Net so is die Doop ’n sigbare simbool dat God Hom met jou verbind het. Dit kom eers tot vrug as jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar. As jy Jesus Christus nie as jou Verlosser aanvaar nie, sal die Doop jou nie red nie.

Die Doop is 'n teken wat ons daaraan herinner dat God 'n verbond met ons gesluit het. Die aksie kom van God en nie vanaf die mens nie.

Hierteenoor is daar denominasies wat die Doop verander in 'n aksie wat vanuit die mens ontstaan. Die persoon moet self besluit wanneer hy tot bekering gekom het en word dan gedoop as getuieis daarvan.

Dit is nie wat in die Bybel staan nie.

Om kinders te doop is nog 'n voorbeeld van die Gereformeerde leer wat aanvaar wat in die Bybel staan. Niks minder en niks meer nie. Die Gereformeerde leer verander nie die boodskap in die Bybel om by menslike oorwegings aan te pas nie.

Indien 'n persoon nie as kind gedoop is nie, is daar niks mee verkeerd om as volwassene gedoop te word nie. Dit is dan nog steeds 'n verbond wat vanaf God kom, selfs al het die persoon self besluit om hom of haar te laat doop.

Iemand wat homself weer laat doop as hy Jesus Christus as Verlosser aanvaar het, verstaan nie waarom die Doop gaan nie.

Volk

Dominee Bester gebruik die woord *volk* - wat tans 'n negatiewe konnotasie het. Dit is die gevolg van sielkundige oorlogvoering deur Nuwe Wêreldorde voorstanders wat 'n amorfe identiteitslose mense massa deur vermenging tot stand wil bring, wat nie sal kan saamstaan teen die Nuwe Wêreldorde nie.

Hou ingedagte dat God self volke geskep het met die spraakverwarring by Babel, juis om Satan se plan om die wêreld te beheer te verydel.